

Sing vooraf staande: Psalm 24:1, 2, 3 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye see en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.
- 3 Geregtheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 142:1, 3, 6 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar's niemand wat my nou wil ken;
Daar's nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 6 Voer my uit die gevangenis / waarin my siel gekerker is;
dan sal 'n skare my omring / en vrolik van u weldaad sing.

Gebed

Skrifberyming 17-1:1, 2, 3 (17:1, 2, 3)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”
Is lewe en liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 2 Aanskou die voëls van die hemel, / dat hul nie saai of maai of swoeg.
Tog voed die Hemelvader hulle. / Het Hy vir jul dan nie genoeg?
En wie kan ooit in sy besorgtheid / een el maar by sy lengte voeg?
- 3 En wat is jul besorgd oor kleding? / Let op die lelies, hoe hul leef,
hoedat hul opbloeit uit die velde, / dat hul nie swoeg of spin of weef.
En Salomo in al sy glorie / was nie deur soveel skoons omgeef.

Skriflesing: Johannes 6:1-15

Kernverse: Johannes 6:10-11

Toe sê Jesus: “Laat die mense gaan sit.”

Daar was baie gras op daardie plek en die mense het gaan sit. Die mans alleen was omtrent vyf duisend. Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê.

(Johannes 6:10-11 AFR83)

Tema: Met ons bietjie sal die Here groot dinge laat gebeur!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar gaan sekerlik nie een dag verby waarin ons nie die nood van hierdie wêreld sien of daarvan hoor nie. Ondanks beloftes en pogings van die regering word werkloosheid nie regtig minder nie. Inteendeel, dit neem eerder toe in elke deel van die samelewing. En ons ken die sneeubal-effek van hierdie nood. As daar nie werk is nie, is daar hongersnood omdat daar nie geld vir brood is nie. As daar nie werk is nie, lyk diefstal vir 'n menigte mense na die enigste uitweg. So groei dit aan tot oorvol tronke waar 'n menigte van onheile uitbroei. Baie ander mense volg weer die dwase pad van verslawing aan dwelms of drank net om van die honger en nood te probeer vergeet. En dan het ons nog nie eers by al die peste en siektes gekom wat so baie mense teister nie. Hierdie is dinge wat vir ons al iets alledaags geword het, nie net in die stede nie maar ook hier by ons. Op elke straathoek is daar 'n mens wat bedel. Die nood van die mensdom oorweldig 'n mens as jy daarvan hoor.

Maar dit is nie net die nood van die mensdom wat 'n mens oorweldig nie. Elke mens het seker al in sy en haar lewe gevoel hoe magteloosheid dreig om die oorhand te kry. Jy sien hoeveel geld jy vir 'n salaris het, maar die rekenings en ander verpligtinge neig om meer as jou salaris in te sluk. Jy sien hoeveel tyd jy tot jou beskikking het, maar die pligte wat voor jou lê en gedoen moet word, neig om meer tyd te vra as wat jy het. Jy sien en hoor watter werke die Here van jou vereis, maar jy kyk na jou gawes en kan nie begryp hoe jy met jou gawes sal kan regkry om te doen wat die Here eis nie.

Broers, susters en kinders, kom ons hoor hoe leer die Here Jesus ons wat ons in hierdie omstandighede moet doen. Mag die Heilige Gees ons ook lei en regeer dat ons wel sal gaan doen wat die Here ons leer.

Kort voor hierdie gebeure wat in Johannes 6 aan ons beskryf word, is Johannes die Doper deur Herodes doodgemaak. Die twaalf dissipels van Jesus het ook so pas van hulle sending af teruggekom waarop Jesus hulle uitgestuur het. Hierdie twee sake is dan ook die rede waarom Jesus en die twaalf na die oorkant van die See van Galilea vertrek het. Na die dood van Johannes het dit vir Jesus en sy dissipels nou eers te gevaarlik geword om na Jerusalem te gaan. Na die terugkeer van hulle sending af wil Jesus dat sy dissipels eers weer asem skep en dat hulle kan nadink oor hulle werk. Daarom wou Jesus saam met sy dissipels eers uit die geharwar van Galilea wegkom.

Die mense uit die verskillende dorpe in Galilea waar Jesus nou al gepreek en wonders gedoen het, wou egter nie dat Hy wegkom nie. Jesus se aansien het by die volk in Galilea gestyg. Hy is immers die groot wonderdoener. Daarom, toe hulle agterkom dat Jesus en die dissipels vertrek het, het hulle agter Hom aangekom. Baie het gegaan omdat hulle nuuskierig was. Ander het weer gegaan om ook deur Hom gesond gemaak te word. Enkeles het gegaan omdat hulle graag nog meer van sy woorde wou hoor.

Hierdie mense wat so agter Jesus aangekom het, was maar arm mense van die platteland af. Hulle is landbouers, veeboere en vissers. Hulle het na aan die natuur gelewe, want hulle was afhanklik van die gang van die natuur. Baie van hulle het vir ander mense gewerk. Hulle is harde werkers en die oorheersende vraagstuk by hulle is om net genoeg kos en ander lewensmiddele te hê. Vir baie van hulle gaan dit die meeste van die tyd net om oorlewing.

Alhoewel Jesus en die dissipels na die oorkant vertrek het om eers alleen te wees, maak Hy nie asof Hy die groot klomp mense wat daar aankom, nie raaksien nie. Hy sien hulle raak, maar nie net so in die verbygaan nie en Hy maak ook nie asof hulle net maar daar is nie. Hy hou dadelik op met dit waarmee Hy saam met die dissipels besig is, want Hy sien ook die nood van die groot klomp mense raak. Mense kan nie sommer maar net rondom Jesus saamdrom en toeskouers van sy woorde en dade wees nie. Hy gaan hulle betrek by wat Hy nou van plan is om te doen.

Die twaalf dissipels gaan ook nie maar net toeskouers bly by Jesus nie. Hy gaan, om dit so te stel, hulle neus in die nood van hierdie mense indruk. Daarom vra Hy vir Filippus:

Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet? (Johannes 6:5 AFR83)

Jesus vra vir Filippus, nie omdat Filippus die naaste aan Hom gesit het nie, maar omdat Hy Filippus deur en deur ken. Hy wil vir Filippus op die proef stel.

Filippus kon vinnig somme maak. Hy antwoord Jesus sommer dadelik:

Twee honderd mense se dagloon is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie. (Johannes 6:7 AFR83)

Filippus is daardie rasonale ou wat eers somme wil maak voordat hy die liefde van God konkreet aan die mense wil wys. Natuurlik is dit goed om eers jou berekening te maak. 'n Mens dons tog nie halsoorkop in 'n ding in om eers later agter te kom dat jy 'n fout gemaak het nie. Ons hemelse Vader het ons mos 'n gesonde verstand gegee wat ons ook moet gebruik. Hier staan nou 'n magdom mense vir wie daar brood gekoop moet word. In ons taal sou ons sê: as 'n dagloon R70 is, sal R14 000 – dit is twee honderd mense se dagloon – nie genoeg brood koop vir daardie klomp mense nie. En ons hoor dat net die mans was omtrent vyf duisend.

Filippus trek sy skouers op en sê eintlik: Here, dit is vir ons onmoontlik. Ons kan nie nou vir hierdie mense brood koop nie. Ons het nie die geld daarvoor nie. Andreas, die stil en teruggetrokke dissipel, het die seuntjie met 'n kosmandjie gesien en opgemerk wat in die mandjie is. Hy sê toe vir Jesus:

Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense? (Johannes 6:9 AFR83).

Die vissies waarvan hier gepraat word, is maar iets soos die bokkems wat ons ken, en die vyf brode en twee vissies was seker maar net die seuntjie en sy gesin se padkos. Daarom kan ons verstaan hoekom Andreas sê wat hy sê. Andreas is so bietjie meer optimisties as Filippus: Here, hier is darem vyf brode en twee bokkems. Maar dan oorweldig die nood wat hy raaksien hom ook. Hier is darem 'n ietsie, Here, maar dit is heeltmal te min vir so baie mense.

Jesus, die Seun van God, het voordat Hy vir Filippus gevra het al geweet wat Hy wou doen. Hy het geweet van die vyf brode en twee vissies. Daarom sê Hy:

Laat die mense gaan sit. (Johannes 6:10 AFR83)

Hy neem toe die brood en dank God daarvoor.

Geliefdes, 'n mens kan jousef die verbasing en vrae op die dissipels se gesigte voorstel. Die Here vat alles wat die seuntjie in sy kosmandjie het en vir die skamele bietjie kos dank Hy nog vir God. Wat wil Jesus nou doen? En toe Hy die brood en vis begin uitdeel, word die verwondering net groter. Elke liewe mens wat daar op die gras sit, kry brood en vis soveel as wat hulle wil hê. Met die seën van God op hierdie klein gawetjie van vyf brode en twee vissies kry al die mense genoeg om te eet. Die Heilige Gees skryf hier:

... die mense was versadig (Johannes 6:12 AFR83).

Maar die Here se seën hou nie daar op nie. Nadat almal geëet en versadig geword het, het daar nog kos oorgebly. Nie maar net 'n paar krummels of korsies en visvelletjies nie. Die dissipels tel twaalf mandjies vol kos op wat oorgebly het. Met die seën van die Here is daar nie net genoeg kos nie, maar oorgenoeg kos – meer as wat daar aan die begin was. As die Here die bietjie wat die seuntjie gehad het neem en daarvoor regeer, laat Hy groot dinge daarmee gebeur. Hy laat groter dinge daarmee gebeur as waarvan die dissipels kon droom of selfs waarvoor hulle sou gebed het.

Tog, broers, susters en kinders, lei die Heilige Gees ons om ook meer as net die wonderwerk raak te sien. Hierdie wonder het plaasgevind in die skaduwee van die kruis. Daarom skryf die Heilige Gees:

Die paasfees van die Jode was naby (Johannes 6:4 AFR83).

Dit is immers by hierdie fees 'n jaar of wat later dat die Jode Jesus sou kruisig. Christus het immers na hierdie wêreld gekom om sy Vader se wil uit te voer. Sy gebed voordat Hy die brood vermeerder getuig daarvan. Die Seun van God het mens geword nie net om brood te maak en uit te deel nie. Hy het gekom om self die brood te wees.

Omdat Jesus die wil van sy Vader doen, gee Hy Homself volledig in die hande van sy Vader oor. Aan die kruis breek God sy Seun en deel sy versoeningswerk deur middel van die geloof in Christus aan hulle uit vir wie Hy uitverkies het. Dit illustreer Jesus met hierdie wonder en leer Hy ons verder in hierdie hoofstuk. En as God sy Seun verdeel, gee Hy in ons hande die evangelie van Jesus Christus. Met sy Gees en Woord regeer en lei Hy ons om hierdie evangelie verder uit te deel sodat meer en meer mense versadig kan word en die lewe in oorfloed kan hê.

Geliefdes, die Here sien steeds met meegevoel om na die behoeftige wêreld. Die nood van die hele mensdom, hulle hongersnood en armoede en hulle gebrek aan kennis van God gaan nie ongesiens by Hom verby nie. Die Here sien ook hierdie kerk in al haar nood en beproewings raak. Jou eie en persoonlike finansiële benoudheid wat jy beleef en maak dat dit vir jou lyk asof jy nie jou dankoffer vir die Here kan gee nie, wat nog te sê die arm bedelaar in die straat help, word deur die Here opgemerk. Die benoudheid wat jou aan die keel wil gryp omdat jy te min tyd vir al jou werk het, word deur die Here raakgesien. Jou gawes wat in jou oë so karig en ontoereikend lyk vir die opdrag wat die Here aan jou gee, is ook in onder die oë van die Here.

En die vertroostende van alles is dat die Here lankal reeds 'n plan het. Maar Hy gaan nie toelaat dat ek en jy en die hele kerk maar net toeskouers is by wat Hy van plan is om te doen nie. Ons Here Jesus het vir jou en my aan die kruis gesterf om ons broers en susters van Hom en kinders van God te maak. Hy gee vir ons die lewe in oorfloed. En sy bedoeling daarmee was nooit dat ons as kerk in die rustigheid van ons eie wêreldjie maar net in dankbaarheid oor hierdie wonderdaad van Hom moet nadink nie. Daarom kom druk Hy juis die nood van hierdie wêreld onder ons neuse in. Hy bestuur die dinge so dat elkeen van ons sal weet van die ellende en armoede in die wêreld, in Suid-Afrika en hier in Bellville en in die Skiereiland.

En as ons dit raaksien en met meegevoel ons kop skud en sê: Ai toggie, wat 'n jammerte, dan vra Hy vir jou en my en vir sy kerk: Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet? Met hierdie vraag het Jesus vir Filippus getoets, maar vandag toets Hy vir ons met dieselfde vraag. Ons kan nie maar net vanoggend hier hardop bely dat Jesus Christus ons van ons sondes verlos het en nou is ons salig nie. Ons kan nie maar net saam met Jesus drentel nie. Hy is immers meer oor ons geloofsgroei besorg as oor ons geloofs-gemak. Om 'n volgeling van Jesus Christus te wees beteken dat ons ook oor die plekke wat vir ons steil en onoorkombaar lyk, sal klim – saam met Hom sal klim met die krag wat sy Gees in ons werk.

Maar, geliefde broer, suster en kind, watter droewige gesig is ons nie soms nie. Soos Filippus is ons baie vinnig om ons gawes, tyd en geld bymekaar te tel en dit teen die nood en opdrag van die Here op te weeg. En op die ou end trek ons ons skouers vir die Here op en sê: Jammer, Here, al het ons

tien mense se gawes, honderd mense se tyd en 'n duisend mense se geld gehad, sal ons nie eers 'n druppel in die emmer kan bydra nie. Ons sal nie 'n bloue duit kan bydra om hierdie nood te verlig en die opdrag uit te voer nie.

Of ons maak soos Andreas. Ons noem vinnig ons gawes op, maak vinnig ons dagboek oop en flerts ons beursie oop en sê: Here, ek het darem hierdie en daardie gawe, ek het darem hier 'n uur of twee en hier is darem 'n tien of 'n twintig rand; maar wat sal dit tog help vir hierdie groot nood en hierdie verantwoordelike opdrag?

Geliefdes, dit is dan juis hier waar die Here Jesus ons verder neem as wat ons gedink het dit vir ons moontlik is om te gaan. Hy vra dan alles wat ons het. Hy roep ons op om daardie een of twee gawes wat ons het, daardie uur of twee in ons besige programme en daardie bietjie geld in sy hande neer te lê. Vir Hom is dit wat karig en min en klein in ons oë is, genoeg. Hy sê dankie daarvoor. Hy dank sy Vader daarvoor.

Ons is van nature geneig om onself onnodig te verneder, want ons wil kamtig nie raakgesien word nie, en ons praat so maklik verkleinerend van wat ons het om te gee, veral wanneer dit teenoor die rou en harde menslike nood te staan kom. Maar Christus is dankbaar vir ons! Laat ons onself met ons gawes, tyd en geld voor die Here se oë bring. Kom ons dank Hom uit ons hart vir wat ons is en vir wat Hy vir ons gegee het. En laat ons die hemelse Vader smEEK om sy seën oor ons en ons goed uit te stort om met die krag van die Heilige Gees toegewyd te doen wat die Here van ons vereis. Kom ons vertrou onself, ons gawes, ons tyd en ons geld aan Hom toe. Laat Hy dit wat ons is en het, neem en regeer en verdeel. En ons sal verbaas wees om te sien wat die Here met ons klein gawetjies, min tyd en karige salarisse gaan uitrig. Daar sal groter dinge gebeur as waarvoor ons ooit kon gebid het of van kon droom.

Geliefdes, die Here weet lankal wat Hy in ons tyd gaan doen. Ons, hoe klein ons ook al in ons eie oë is, en dit wat ons het, hoe flenters dit ook al vir onself voorkom, is van lankal af reeds in sy plan. Hy wil ons en ons goed gebruik om sy groot werke tot stand te bring. Kom ons offer onself as lewende offers aan die Here. Hy het Homself vir ons geoffer en sy Gees aan ons gegee om nou te lewe en te werk vir Hom.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 17-1:5, 6 (17:5, 6)

- 5 Vra dan nie meer: "Hoe sal ons lewe? / Waar is die kleed wat ons moet dra?"
Want hierdie dinge jaag die heid'ne / met kwelling en besorgdheid na.
Maar julle Vader in die hemel, / Hy ken jul nooddruf voor jul vra.
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Januarie 2013